Jakkalsdraai
onthaal en konferensies

tel: 051-4511 876
faks: 088 051 4511 876
info@jakkalsdraai.co.za
Posbus 28620
Danhof 9310
www.jakkalsdraai.co.za

TERME EN VOORWAARDES

1. LOKALE:

1.1 ONTHALE:

	KLUBHUIS	GROOT SAAL	Grasperk
Sonder dansvloer	50 persone	250 persone	+- 300 persone
Met dansvloer	40 persone	200 persone	+- 300 persone
Kostes	R1500,00	R3000,00	R1500,00
	BTW Uitg	**BTW Uitg**	**BTW Uitg**
Tafels	Langwerpig	Rond	Langwerpig/Rond
Persone per tafel	6/8	8/10	8/10

Lokaalhuur dien as bevestiging vir bespreking.

Sluit in: tafels, stoele, eetgerei, glase en tafeldoeke.

U is self verantwoordelik vir: Dekor
Blomme
Tafelplan en tafelnommers
Tent vir grasperk

Teen ekstra koste: Stoelrokke R10
Servette R4

Klanksisteem beskikbaar teen R800,00

1.2 KAPEL:

Persone : +- 160
Koste: R1500,00

Sluit in: Kerkbankies
Preekstoel
Registertafel
Klanktafel
Rooi mat

1.3 KONFERENSIES:

3 Lokale:

	KLUBHUIS	GROOT SAAL	KAPEL
Klas kamer	40 persone	200 persone	60 persone
Cinema	60 persone	300 persone	100 persone
Prys	R1500,00	R3000,00	R1500,00

Ingesluit: Konferensiemateriaal,
Gebottelde water,
Peppermente,
Skerm, Blaaibord en penne
Addisioneel: Klanksisteem en mikrofoon teen R800-00

2. AKKOMODASIE:

Kamer 1: Wittebroodsuite (R600,00 per persoon per nag)
Kamer 2/7: 2 x driekwart beddens (R400,00 per persoon per nag)
Kamer 3,4,5: Dubbelbed (R400,00 per persoon per nag)

Alle pryse is BTW uitgesluit.

Kinders onder die ouderdom van 8 betaal halfprys en kinders onder die ouderdom van 2 gratis.

Ontbyt is ingesluit by bogenoemde pryse.
Tye: 07:00 – 09:00

Kamer beskikbaar: 14:00
Ontruim: 10:00

3. SPYSKAARTE:

Verskeidenheid spyskaarte is beskikbaar en spyskaarte word volgens behoeftes en begroting aangepas.
Standaard spyskaarte op versoek beskikbaar.

Kinders onder 8 betaal halfprys.
Kinders onder 2 is gratis.

Alle gekwoteerde pryse is BTW uitgesluit

Prysverhoging van toepassing, Januarie van elke nuwe jaar.

Kwotasies slegs geldig vir 3 maande.

4. BESPREKINGS EN BETALINGS:

- Met bespreking van die lokaal moet die deposito binne 2 dae betaal word, **anders behou Jakkalsdraai die reg om die bespreking sonder verdure kennisgewing te kanselleer of toe te ken aan iemand anders.**
- **Bewys van betaling sowel as ondertekende terme en voorwaardevorm moet gefaks word na 051 451 1876 alvorens bevestiging van bespreking gedoen kan word.**

7 dae voor funksie:
- **Bevestig spyskaart en kroegfasiliteite**
- **Verloop van funksie met bestuur bespreek**

48 uur voor funksie:
- **Bevestig finale getalle**

1 dag voor funksie:
- **Totale balans van rekening moet vereffen word**

Kurkfooie en finale wyn/kroegrekening betaalbaar 48 uur na die funksie.
Alternatiewe betalingsmetodes kan met bestuur bespreek word.

5. KROEGFASILITEITE:

Kliënte moet reëlings tref t.o.v. kroegfasiliteite (kontant, oop of limiet).

- Kurkfooi word gehef op enige **sjampanje en wyne** wat self verskaf word @ R30 per bottel.
- Kroegpryse is onderhewig aan verandering sonder kennisgewing.
- Opgedateerde kroegpryse is beskikbaar op versoek.
- Alle drank moet op perseel aangekoop word, geen drank (wyne, biere, sterkdrank of koeldranke) mag van buite die perseel ingebring of verwyder word nie.
- Kroegtye moet met bestuur gereel word.

6. OPSTELTYE:

Opsteltyd is gedurende kantoorure (08:00 – 17:00) of soos met bestuur vooraf gereël.

Toegang tot lokale moet met bestuur bespreek word en is onderhewig aan beskikbaarheid.

Opruiming geskied direk na afloop van funksies of soos vooraf met bestuur gereel.

7. TOERUSTING EN MEUBELMENT:

- Standaard meubelment word voorsien teen geen addisionele koste.
- Enige addisionele meubels en toerusting wat u voorsien bly klient se eie risiko.
- U sal aanspreeklik gehou word vir enige skade aan eiendom, meubels en toerusting as gevolg van nalatigheid of moedswillige optrede en sal dienooreenkomstig by u rekening gevoeg word.
- Alhoewel alle redelike voorsorgmaatreëls getref word, sal Jakkalsdraai nie verantwoordelik wees vir enige verliese, gebreke of skade aan enige eiendom (voertuie, dekor, gehuurde toerusting, waardevolle artikels ens.) nie.
- Geraasvlakke moet binne perke gehou word gedurende die funksie.
- Alle musiek moet om 24H00 gedoof word.
- Geen luidspreker mag buite lokale geplaas word nie.

8. RISIKO'S EN VERLIESE

- Jakkalsdraai kan nie aanspreeklik gehou word vir die onderbreking van noodsaaklike dienste soos elektrisiteit of water nie.
- Jakkalsdraai se werknemers of enige persoon werksaam tydens ñ funksie sal nie aanspreeklik gehou word vir enige verliese of beserings as gevolg van nalatigheid of enige ander oorsaak nie.

9. KANSELLASIES:

In geval van 'n kansellasie sal ñ 100% terugbetaling slegs geskied indien kanselasie geskied 4 maande en langer voor bespreekte datum andersins

- Kansellasiefooi van 50% korter as 4 maande voor funksie sal betaalbaar wees,
- Kansellasiefooi van 100% sal betaalbaar wees, indien gekanselleer 1 maand voor funksie, behalwe as lokaal herbespreek word.

Alle kansellasies en veranderings moet skriftelik geskied.

10. PERSONEEL:

Om funksie glad en kommervry te laat verloop, word kelners en personeel aangestel.
Die hoeveelheid kelners word bepaal in verhouding tot die aantal gaste. Koste ingesluit by tarief per persoon.

Kroegmanne word voorsien teen R350.00 elk per funksie.
Bogenoemde is verpligtend vir enige onthaal of funksie en vir u rekening.

11. ALGEMEEN:

- **Reg van toegang word voorbehou**.
- **Alle pryse/kostes onderhewig aan verandering as gevolg van prysverhogings en tekorte.**
- Alle lokale is rookvry – rookareas is beskikbaar.
- Alle gekwoteerde pryse sluit 14%BTW uit, tensy anders vermeld.
- Geen buite spyseniers word op die perseel toegelaat nie.
- Geen parkering op grasperke en plaveisel nie, tensy so deur personeel aangewys.
- Alle gaste en diensverskaffers betree Jakkalsdraai eiendom op eie risiko.
- Bestuur en Personeel aanvaar geen verantwoordelik vir beserings.

Die bestuur van Jakkalsdraai behou die reg voor om enige geleentheid te kanselleer en /of te beëindig in geval van brand, stakings of enige ander rede buite die beheer van die bestuur.

Let wel: Pryse op hierdie bladsy(e) kan verander sonder enige kennisgewing. Vir die mees onlangse tariewe kontak asseblief Jakkalsdraai vir meer besonderhede.

U is welkom om enige navrae en versoeke met bestuur te bespreek, Henriette Jordaan 082 806 8484